**Woensdag 26 Julie**
**Skrifgedeelte: Hebreërs 12:1-3**
**Fokusgedeelte: Hebreërs 12:2 (AFR83/2020)**

## Die Christelike lewe is ’n wedloop

Dit is altyd besonders om ’n atleet dop te hou wat besig is om ’n wedloop te voltooi. Terwyl hy hardloop, fokus hy net op die wenstreep, hy kyk nie links of regs nie, omdat hy weet dit sal sy aandag van sy einddoel aftrek. Tydens sy wedloop sien ons baie keer hoe hy begin swaarkry, maar hy vind motivering in die wete dat daar al baie ander atlete voor hom dieselfde inspannende resies afgelê het, daarom volhard hy. Hy weet dat die prys by die wenstreep al die swaarkry die moeite werd maak.

Net so word die Christen se volharding in sy of haar geloof met ’n wedloop vergelyk. Nes ’n atleet moet die Christen met strawwe inspanning en uithouvermoë beweeg na die wenpaal. Ons kry die wonderlike motivering om te volhard as ons terugkyk na soveel ander wat voor ons al hierdie wedloop voltooi het. In Hebreërs 11 word voorbeelde genoem van atlete in die Ou Testament wat in hulle geloof volhard het tot die wenstreep. Maar ons moenie net aan die ander atlete dink nie. Die Christen moet op sy Kaptein, Jesus Christus, fokus!

Dit is Jesus wat hierdie einste wedloop met al sy uitdagings en teenstand volmaak voltooi het. Dit, ten spyte daarvan dat Hy die grootste swaarkry daarin moes verduur. Hy is in een van die skandelikste vorme van teregstelling as misdadiger veroordeel en doodgemaak. Maar al hierdie skande en swaarkry was gering in vergelyking met die eer wat op Hom gewag het. Hy sit nou as Verlosser aan die regterhand van die troon van God. Dit is as gevolg van Jesus se oorwinning dat ons ook vandag hierdie wedloop kan voltooi.

Laat ons daarom altyd ons fokus op Jesus hou. Laat ons al die sonde wat ons in hierdie wedloop rem, afgooi. Laat ons altyd aan Hom vashou wanneer ons die swaarkry van hierdie resies moet verduur.

*Sing: Psalm 119-1:11*

*Ds. P Hattingh (Philip) (Bloemhof/Christiana)*